# Tydslyn: Hofbevel van 13 Augustus 2020

| | |
|---|---|
| **25 Oktober 2017** | Wes-Kaapse Hoë Hof bevind in die guns van die US – Taalbeleid van 2016 hoef nie hersien of ter syde gestel te word nie. |
| **10 Oktober 2019** | Tien regters van die Konstitusionele Hof bevind eenparig in die guns van die US en bekragtig 2017-uitspraak van die Wes-Kaapse Hoë Hof dat die US se meertalige en inklusiewe 2016-taalbeleid aan die Grondwet en die nasionale taalbeleid op hoër onderwys (2002) voldoen. Proses vir die aanvaarding van Taalbeleid was deeglik, omvattend en inklusief, en daar was behoorlike oorlegpleging. |
| **2 Desember 2019** | Universiteitsraad aanvaar die Burton Fourie-verslag by laaste raadsvergadering van 2019. Fourie-verslag bevind dat "daar geen bewyse was ter ondersteuning van 'n bevinding dat die optrede van die Rektor rakende die nominasie van oudregter Cameron vir die amp van Kanselier van die Universiteit Stellenbosch 'n ernstige oortreding van die reg, of ernstige wangedrag uitgemaak het nie". Hy skryf in die verslag: "Dit is my siening dat die [bogenoemde] feite en omstandighede, en veral die optrede van die Rektor, holisties beskou, nie aanleiding gee tot 'n redelike besorgdheid oor vooroordeel aan die kant van regter Cameron weens beïnvloeding deur prof De Villiers nie. Die bewyse toon hoogstens dat die Rektor, soos hy verplig was om te doen, gehelp het – en selfs die leiding geneem het – om geskikte kandidate vir die nominasie van 'n nuwe Kanselier te identifiseer. Regter Cameron, aan die ander kant, het homself eers vir nominasie beskikbaar gestel nadat toestemming van adv Jan Heunis namens Gelyke Kanse ontvang is. 'n Oorsig van bewyse as 'n geheel dui, myns insiens, nie op onbehoorlike gedrag deur enige een van die twee rakende die nominasie van regter Cameron nie. Dit dui ook nie daarop dat hulle in enige stadium op enige manier opgetree het wat redelikerwys beskou kon word dat regter Cameron partydig in die Gelyke Kanse-gedingvoering was nie." |
| **9 Maart 2020** | US ontvang PAIA-versoek van dr Leon Schreiber vir rekords wat voor regter Burton Fourie gedien het. DIe US weier aanvanlik die versoek, maar bevestig dat dit dr Schreiber vrystaan om 'n hofaansoek te bring indien hy van mening is dat US nie 'n korrekte besluit geneem het nie. |
| **27 Julie 2020** | US besluit om nie 'n hofaansoek kragtens die Wet op die Bevordering van Inligting (PAIA) wat verband hou met die onafhanklike ondersoek van afgetrede regter Burton Fourie, teen te staan nie |
| **13 Augustus 2020** | Hofbevel in die Wes-Kaapse Hoë Hof waarvolgens 'n versoek ingevolge die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (PAIA) toegestaan is. |